

Die Huis Van God

MARTIE MALAN



INLEIDENDE OPMERKINGS

Baie van ons het groot geword met die gedagte dat die kerkgebou die huis van God is. Louis Malherbe, 'n Suid-Afrikaanse besigheidsman en aanbieder van seminare oor menswees, het vertel van 'n keer toe hy effens laat was vir 'n byeenkoms. Hy drafstap toe na die kerkgebou toe, sien 'n kennis wat buite die kerkgebou nog 'n laaste paar trekke aan 'n sigaret maak en gryp hom aan die arm en trek hom saam in na binne toe. Later vra die kennis hom of hy mal geword het. "Jy het gemaak dat ek met 'n sigaret in die huis van die Here staan!" Louis se antwoord was dat as die man die Here nie saam inneem nie, sal die Here nie daarbinne wees nie. 'n Ander keer het iemand weer met ons gepraat oor die dra van spesifieke kleredrag as jy na die huis van die Here gaan.

Dit het my laat dink: sou 'n gebou waarin daar mense bymekaar kom om God se aangesig te soek, wel nog as Sy huis beskou kan word as dit bouvallig raak en nie meer geskik is vir byeenkomste nie? Dit laat die vrae ontstaan, waar is God se huis dan en kan Sy huis in al die kerkgeboue oor die wêreld heen gelyk wees? Hou in gedagte dat daar meer as veertig duisend denominasies is. Met hierdie skrywe wat maar 'n druppel in die emmer is oor die onderwerp, wil ek graag 'n paar feite bespreek.

BESPREKING

Daar is talle Skrifte wat oor die huis van God handel, wat ook gestel word as God se gebedshuis vir die nasies, en Jerusalem (nuwe), of ook Sy heilige berg.

Hy noem hierdie huis ook die plek waar Sy Naam vir ewig woon, asook die laaste dae wat vir die uitgesoekte geslag Israeliëte, wat God se volk van die begin, Sy uitverkore nasie was, gevestig sal word op die toppunt van die heilige berg, naamlik in die geestelike realm.

Dus het alles in die begin ontstaan in en deur water.

Soos ek verstaan van die geskiedenis van die Bybel se Woord het God van die heel begin soos in Genesis 1&2 en 2 Petrus 3:5-7, die hemel en die aarde uit water en deur water geskep. Die nageslagte van Adam was dikwels vol wreedheid en boosheid en het God nie behaag nie. Hy het Sy Gees van hulle onttrek en die vloed het ontstaan waarin slegs Noag en sy familie gespaar was.

Daarna het die geslagte van die seuns van Noag volgens hulle afstamming die “hele aarde” bewoon. Daardie lande wat bewoon is, is die gelyke van die Romeinse Ryk in Christus se tyd op aarde.

Abraham het uit Sem se bloedlyn gekom en God het hom gekies om die voorsaak van die twaalf stamme van Israel te word, na die vlees. Die verbond wat God met hom gemaak het was in die vlees. So moes die manlike geslag besny word en God se lewe (Christus) het die verbond bevestig al die geslagte tot Hy self in die vlees gekom het. Die verbond was die belofte van die Ewige Lewe in Sy Gees en die herstel van Israel se koninkryk.

So spreek die Here: My
eersgebore seun is Israel
(Eks. 4:22).

Koning Dawid het veertien geslagte na Abraham die koning van Israel geword. God het met 'n eed vir hom belowe dat sy koningskap bestendig sal wees en sy troon tot in Ewigheid sal vasstaan.

Daar moet ook gelet word dat in die brief van Johannes, genoem Openbaring van Jesus Christus, God aan hom die volgende te kenne gee om op te skryf vir die sewe gemeentes van Asië: dit wat hy gesien het, dit wat was, wat is, sowel as dit wat gaan gebeur vir die gemeentes (in die tyd voordat Jerusalem en ook die Tempel vernietig sou word).

In ongeveer die vierde hoofstuk tot min of meer die twaalfde hoofstuk van sy openbaring, beskryf Johannes wat hy in die hemel, of dan eerder die geestelike realm, gesien het. Christus was as 'n Lam met sewe (7) geeste geslag. Dit was die Geeste wat oor die aarde uitgestuur was - oor die aarde van daardie tyd van die Jode.

In Matteüs 1:7 word daar genoem dat die bloedlyn van die Israeliete vanaf Abraham tot Dawid, veertien (14) geslagte (2x7) was en vanaf koning Dawid tot by die Babiloniese ballingskap weer veertien geslagte (2x7). Vanaf die ballingskap tot by Christus was daar 'n verdere veertien (14) geslagte wat neerkom op 42 geslagte van Israeliete.

En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder (daardie) hemel is (was), Parthers, Meders, Elamiete, inwoners van Mesopotámië, Judéa, Kappedócië, Pontus, Asië, Frigië, Pamfilië, Egipte, streke van Libië by Ciréne, Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere (Hand. 2:5, 9-11).

Daarom, toe die volheid van die Messiaanse tyd vir God se volk gekom het, het Hy Sy Seun uitgestuur om die wat onder die wet was, los te koop en om al die verlore stamme wat oor die aarde verstrooi was, weer saam te verenig soos wat dit van die begin was in Sy Gees (Gal. 4:4-7). Die belofte van God was om hulle uit die verskeie nasies te haal en hulle deelgenote te maak van Sy heerlijkheid en huisgenote van God se huis. Dit word deur God genoem die gebedshuis vir al die nasies vir ewig.

Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers (Hos. 6:6).

Jesus van Nasaret beaam dit ook in Sy gesprek met die Samaritaanse vrou by die put:

Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid (Joh. 4:23-24).

SLOTOPMERKINGS

Ek wil ten slotte net nog 'n paar Skrifgedeeltes byvoeg om die hemelse Jerusalem te verbind met die Nuwe Testament wat vir Israel, Sy volk bedoel was.

En die seuns van hulle wat jou verdruk het, sal gebukkend na jou toe trek; en almal wat jou verag het, sal hulle neerbuig by jou voetsole; en hulle sal jou noem: Stad van die HERE, Sion van die Heilige van Israel (Jes. 60:14).

Hebreërs 3:14 en 12:22 beklemtoon dat hulle deelgenote van Christus is wat daardie tyd al reeds gekom het by die berg Sion en die stad van die Lewende God, die hemelse Jerusalem.

So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees (Ef. 2:19-22).

Hierdie Skrif wys daarop dat die Heiligdom reeds vir ewig herstel het toe die ou Jerusalem vernietig was in die jaar 70 n.C. Die wraak van God was op die oue uitgestort en ons het toegang in die Gees van Christus om by die herstelde Heiligdom in te gaan om Hom te aanbid en om hulp te vra as ons in nood is.

Skrifaanhalings uit *Die Bybel In Afrikaans*, 1953. Hersiene Uitgawe. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Foto deur Ben White, beskikbaar gestel deur Unsplash. <https://unsplash.com/>